Week 4

Fokus

Die polsslag waarop ons fokus is die Uniekheidspolsslag.

Agtergrond

Jakobus spreek hom uit oor die gedrag van die mense rondom hom. Hy sien dat daar mense is wat volgens hemelse beginsels lewe en mense wat volgens aardse beginsels lewe. Volgens Jakobus moet alles verstaan word vanuit die hemelse beginsels, anders is die mens onbestendig. Wanneer gelowiges nie ook leef dit wat hulle glo en bely nie, maak Jakobus die afleiding dat hulle twyfel. Die oproep in hierdie gedeelte is vir gelowiges om te leef wat hulle glo deur enduit te volhard.

Die enigste manier om enduit te volhard is deur te bid en so toe te laat dat God jou karakter vorm en jy 'n heel mens word. Wysheid is nodig sodat die aanhang van aardse dinge nie 'n vloek word vir gelowiges nie.

Teksvers

As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyt.

Jakobus 1:5

Leerplan



- Gebruik Maandag om die hele Jakobus 1 te lees – sodat jy die konteks van hierdie teks kan verstaan. Maak vir jouself enkele notas oor hoe die konteks die teksvers verduidelik.
- Gebruik Dinsdag-Donderdag om die teksgedeelte te memoriseer: Kies een Bybelvertaling, en leer dit letterlik woord-vir-woord. Skryf gerus jou insigte neer in 'n joernaal van dieper betekenisse wat jy in hierdie teksgedeelte gevind het.
- Gebruik die res van die week vir hersiening, maar lees die teks ook in twee ander vertalings: Dalk die Boodskap en The Message – kyk of ander vertalings vir jou 'n dieper kyk in die betekenins van die teksvers gee.
- Sondag: Sê die teks vir iemand anders op.

Vrae vir bespreking

- Wat geniet prioriteit in my gebedslewe?
- Hoe gevaarlik is dit om vir wysheid te bid en moontlik iets te hoor wat ek nie voor kans sien nie?
- Is ek ontvanklik om van God te hoor wat ek nie noodwendig wil hoor nie?
- Vra my gebedslewe na hemelse wysheid of aardse gemak?
- Vir watter geestelike vorming bid jy tans?